



TOULEIER



Ons gaan verken die Amasone

Hoofstuk 3 Deel

Terwyl ek op die myn was, het Kamermaatjie reeds ons eerste gesamentlike verkenningsbestemming gekies. Die Peruaanse Amasone aan die Brasiliaanse kant van die Andesgebergtes. Die eerste deel van die reis is per vliegtuig.

Ek wonder vandag steeds hoe hulle dit regkry om 'n Boeing op so 'n klein lappie oop aarde in die oerwoud te kan neersit. Maar hulle kon, en gou was ons op so 'n groot, plat boot met 'n seilafdak en 'n sterk enjin. Die boot kon so twintig mense dra en ons het stroomaf gevaar van Iquitos, wat op een van die sytakke van die magtige Amasonerivier lê.

Selfs hierdie sytak van die Amasone is wyer as enige ander rivier waarop ek al ooit was.

Die bootreis neem ons al teen een oewer van die Amasone af. Na 'n halfuur neem ons weer 'n ander sytak. Met hom het ons aanhou vaar totdat ons weer die oorkant kon sien. Dit alles terwyl die gids vertel dat van die rivier se visse groter as walvisse kan word. Ons vergaap ons aan die lowergroen natuurprag.

By ons kamphotelletjie wat totaal uit hout gebou is, wag 'n groot lapa, reg rondom toegespan met dun gaas. Dis om al die goggas uit te hou. Nêrens was 'n stoel in sig nie. Net hangmatte.

Ons eerste dag word afgesluit in 'n hout uitkyktoring, jenerwertjie in die hand, terwyl die son oor die Amasone sak. Nog een van ons drome het waar geword.

Die volgende oggend vroeg is ons gids daar. Soos wafferse Livingstones tou ons in groepie van so agt mense agter hom aan in 'n voetpaadjie. Jy kan glad nie die son sien nie. Bobbejaantoue en die blare van reuseplante hang oor die paadjie. Ek probeer iets wat soos 'n *delicious monster* lyk se blaar meet in sy breedte – dis veel meer as my sesvoet armspan. Maklik groot genoeg vir 'n kombes of 'n sambreel.

Oral om ons drup-drup dit van die humiditeit. Die oerwoud gesels met mens soos jy dit nie op 'n klankbaan kan beleef nie. Die gekwê van die voëls word afgewissel deur die koggel van 'n aap. Ons raak dors. Ek merk tot my onsteltenis dat niemand waterbottels saambring het nie.

Che, ons gids, wys ons hoe mens oorleef in die woud. Hy kap met sy panga 'n tak van 'n sekere boom af en hou dit in die lug bokant sy mond. 'n Stroompie water loop uit die tak se punt in sy mond. Hy kap vir elkeen 'n tak af en ons drink die heerlikste koel vars water, vars uit die natuur se spens.

Terwyl ons rus wys Che ons die litteken van 'n koeëlwond aan sy arm en verduidelik hoe hy homself met sekere blare gesond gedokter het nadat hy in die woud deur rowers geskiet is. Die wond het glo binne drie weke genees.

In 'n oopte in 'n bos beduie Che hulle moet stil wees. Die oopte lyk soos 'n gestroopte mielieland. Hy maak 'n roepgeluid, en na 'n rukkie is daar 'n fluit as antwoord en kom daar 'n man uit die bosse aangestap.

Dié het nie veel meer aan as 'n Kalahari-Boesman nie. Che verduidelik sy vriend is 'n rumstoker, en ons volg hom na sy hut op pale en kry elkeen 'n beurt om die rou rum te proe. Die mielieland was toe al die tyd suikerriet vir die rumstokery.

Die beskawing volg mens ook maar diep in die bos in.

Gou is ons almal sommer baie dapper en ons stem sommer daar en dan in om die volgende dag te gaan piranhas vang.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

IDIOME

Hoe vertaal ons "When pigs fly?"

As die koeie huis toe kom.

In die jaar nul as die hingste vul.

As die hoenders tande kry.

As die perde horings kry.

As kapaters lam.

WAARDEER

Afrikaners maak deesdae al meer die fout om dit 'waardeur' te spel as hulle op prys stel bedoel.

My Wilde Woordeboek

Trunk call: Slurp roep

Platonies: die punte van plat voete

Bullebak: die bak waaruit 'n bul sy maaltyd geniet

Ruimskoots: effens gesette dame

Onderwyl: onsigbare gedeelte van

bruidsrok

Pikant: kant kies

Ryperd 'n nie-meer-ryp- tert

Kameraad: raad teen omgekrapte

kamer

Vertrou: ver van die huis in die huwelik tree

Foolscap: die hoed van 'n gek

en laaste maar nie die minste nie

Skoorvoetend: rusie soek en skop.

Afrikaanse woorde wen veld

Die leen en gebruik van Engelse woorde in Afrikaans is tans nogal 'n brandpunt, maar dit is tog interessant dat ontlening nie 'n eenrigtingstraat is nie.

In OUP SA se tweede uitgawe van die 'Oxford South African Concise Dictionary' erken ons byvoorbeeld ongeveer 300 woorde van Afrikaanse herkoms as aanvaarbaar vir gebruik (in wisselende registers) in Suid-Afrikaanse Engels.

Hier's 'n paar voorbeelde, net uit B:

bakkie, beskuit, biltong, blaps, bobotie, boeremusiek, boeresport, boerewors, boet, bok, boomslang, bosberaad, bossies, braai, brak, bredie en bult.

Daar's ook 'n hele klomp ander Afrikaanse woorde wat tans op die Taalkommissie se dophoulys is en wat oorweeg word vir opname in nuwe woordeboekuitgawes as behorende tot Suid-Afrikaanse Engels, bv. brannas, gees, kwaai en sokkie.

Waar ons gesegdes hul oorsprong het

Klap: 'n Klap van die windmeul weg he ('n bietjie mal wees)

Na aanleiding van die verhaal van die Spaanse letterkundige figuur Don Quijote, wat in sy malligheid teen windmeulens baklei het en natuurlik 'n goeie klap daar gekry het.

Klopdisselboom: Dit gaan klopdisselboom (dit gaan baie goed)

As perde op 'n stywe, egalige draf 'n kar trek, dan klop die disselboom ritmies teen die draaghout.

Kloutjie: Die kloutjie by die oor kry (probeer om twee teenstrydighede met mekaar te versoen; probeer om 'n storie geloofwaardig te laat klink)

Na aanleiding van 'n gedig van ongeveer 1854 van 'n Duitse digter, Fritz Reuter, waarin vertel word hoedat 'n jagter 'n bok met een skoot deur die klou en deur die oor geskiet het. Die bok was dan op daardie oomblik besig om met die klou agter die oor te krap.

Kluitjie: Iemand met 'n kluitjie in die riet stuur (iemand met mooi praatjies van die spoor af bring)

As 'n jagter wil he dat sy apporteerhond tussen die riete moet inspring om die eende op te jaag, dan gooi hy 'n kluitjie daarin – wat die hond dan flous.

Duskantlander in Anderkantland

Ons week in die paradys

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Finland.



Hier op die klipvloer markplein in die middel van Helsinki sit my Vrystaatman en ek in die oggendsonnetjie soos uile en rondkyk in Finland, wat so vreemd soos Lapland vir ons is. Rustig sit ons en slurp aan salmvis - groot stukke vis in 'n romerige sous met suurlemoen bedrup. Hemels

Ons drink lekker sterk koffie uit pikante koppies met houtlepeltygies. Almal is groenbewus en ruim self agter hulle op. Nêrens is 'n rondlé papiertjie te bespeur nie. Dis hoogsomer dié kant net 6 grade, 'n geniepsige wind wat pluk en die flou sonnetjie kry niks uitgerig nie. voel soos 2 grade.

Die Schengen visastelsel in Windhoek is heeltemal mank. Die Duitse Ambassade hanteer die afspraak vir verskeie lande en die wagperiode vir afspraak is gemiddeld 6 tot 7 weke. 'n Lys van dokumente is so lank soos my arm, absurd! Hulle maak geen voorsiening vir gereelde reisigers nie en hap kortaf soos Dobermans dat almal in persoon moet aansoek doen. Verregaande, siende dat ons 4 ure weg woon in 'n klein kusdorp. Verder ly die Duitsers aan zero vriendelikeheidsindroom en die hele affêre laat 'n frank smaak.

Alternatiewelik bied die vrolike Finse Ambassade 'n Schengen visa op voorwaarde dat ons as reisigers in een van die Baltiese lande sal tuisgaan. Omdat ons nie voorheen na Finland gereis het nie gryp ons toe die geleentheid aan. Die ondervinding laat ons in verwondering en effe afgunstig van hoe gemaklik 'n Europeër se lewe is.

Ons grootste vrees was dat niemand ons sal verstaan met ons Namib Engels en swaar suidelike aksente nie. Ha, iedere persoon het ons in duidelike Engels, kalm en vriendelik gehelp. Een van die eerste dinge wat ons onder die knie kry, is 'hou regs!' Of jy deur 'n ingang stap, roltrap ry, op die trein klouter, of op die sypaadjie stap, 'hou regs!' Finne bied sommer aan om te help as hulle besef jy en Google-padkaart staan vir mekaar en staar. Fins is loshande die moeilikste Skandinawiese taal. Dit klink soos iemand wat in die kamer langsaan gesels, sonderom die letter 'g' te gebruik.

Ons ontdek die ontwerp konsep 'wit op wit'. Sekerlik het 9 maande se wit winter sneeu heelwat te doen daarmee. In hulle vlag is die enigste ander kleur blou wat hulle fjords, mere, riviere en seë verteenwoordig. In elke Europese land is kuns en musiek in een of ander vorm op elke hoek en draai. Duidelik het die Russe se 109 jaar inval 'n impak op die boustyl gehad. Lelike rooi baksteengeboue lyk soos puisies tussen die minimalistiese lyne en art deco glas, marmar en porseleingeboue.

Finland is deur die Swede, Duitsers en Russe regeer totdat hulle vuisvoos heel diplomatie in 1917 as demokratiese land verklaar is. In 2002 word Finland deel van die Europese Unie, maar is trots om nie deel te wees van NAVO nie.

Onse eerste besoek aan 'n Skandinawiese land blaas alle vooropgestelde idees weg. Finne is bekend as 'stil' mense. Hulle fluister of praat gedemp op treine, trems en busse. Hel ja, Helsinki is beslis 'n groot geheim wat ontdek moet word. Met die eerste oogopval is die mense pragtig, met hulle romerige gelaat en ligte lang hare. Modieuse jongmense in jogaspanbroeke en leerbaadjies is besig op pad iewers heen, meniges op fietse of skaatsplanke.

Hulle hou deure oop vir ouer mense en vrouens, knik 'n vriendelike groet as mens oogkontak maak en lyk vrolik. Dis opmerklik dat dit meestal toeriste is wat na fone se skerms staar. In restaurante gesels hulle vrolik onder mekaar, en eet wilde bosvark-, rendier-, takbok of salm. Ons eet waar die Finne eet. Ander toeriste sit in vegetariese straatkafes en slurp sjampanje. My Vrystaatman glimlag besadig net aan die gedagte dat hierdie Finne so onbeskaamd vrek oor vleis.

Helsinki se naam doen die plek 'n onreg aan. Dink daaraan, die eerste deel is hel en die tweede deel is sink. Alles wat ek beleef is dramaties. Die naaste aan die hel gedeelte is beslis die aantrekkamers van die publieke sauna, en die sink gedeelte is die malkop Finne wat sauna en dan in die see spring om af te koel.

Heel gek, hel ja, ons het net een week in hierdie paradys!

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

Die oë pak altyd eerste op



GESPREK MET 'N SPIETKOP

'n Spietkop het 'n man gestop wat te vinnig gery het.

"Maar Meneer, ek kan verduidelik.
"Dit sal die beste wees as jy stilbly!"

"Maar ek wou net ..."

"STIL! Ek gaan jou nou in 'n sel stop dat jy kan afkoel! Dan kan die hoof jou kom regsien!"

'n Uur later loer die spietkop by die man se sel in.

"Jy is gelukkig. Die hoof is by sy dogter se troue en hy gaan in 'n goeie bui wees as hy hier opdaag."

"Moenie daarop reken nie, Meneer. Ek is die bruidegom."

GOEIE REDE

Die jongklomp hou partytjie in die buitelug. Almal is jollie, maar daar is 'n mooi meisie wat eenkant staan.

'n Jong man, self nie onaansienlik nie, stap nader.

"En wat soek 'n mooi meisie soos jy so eenkant?"

"Loop weg," sê sy. "Ek staan hier eenkant omdat ek wil poep."

KROEGSTORIES

Twee effens bejaarde mans sit in 'n ou kroeg en gesels.

"Ai, sê Piet, "as hierdie mure maar kon praat!"

"Sal nie help nie," sê Klaas.

"Hulle is so gepleister ons sal nie verstaan wat hulle sê nie."

OOR OUDERDOM

Daar kom 'n stadium wanneer jy ophou lieg oor jou ouderdom en daaroor begin spog.

Sommige mense wil hul odometers terugdraai. Nie ek nie - ek wil hê mense moet weet hoekom ek so lyk. Ek kom 'n lang pad, en hy was nie geteer nie.

Hoe oud sou jy gewees het as jy nie geweet het hoe oud jy is nie?

Soos wat jy ouer word, begin alles opdroog, krimp of lek.



PETOORSIE EN SY MA

PETOORSIE kyk gefassineerd hoe sy ma room aan haar gesig smeer.

"Hoekom doen ma dit?"

"Sodat ek mooi kan lyk," sê sy, en begin om die room te verwyder.

"Wat is verkeerd? Hoekom gee ma so gou op?"

Geniet die dag en hou aan met lag want dis goed vir jou sie! En onthou: Betaal die begrafnissonder nimmer met 'n vals tjek!

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Paulus en die bedelaar

'n Beskonke, hakkende bedelaar staan een aand op straat en bedel.

Skielik versky daar 'n netjies geklede man met 'n baard en bied hom R100 rand aan.

Die boemelaar is skoon oorstelp oor die gebaar.

"Jinne, m-meneer, maar dis 'n yshlike k-klomp geld. Ek kan g-g-glad nie onthou wanneer ek l-laas sovee ... soveel geld vasgehou het nie," sê hy en rol die R100-noot heen en weer tussen sy vingers.

"S-sê my men-eer, a-asjek mag vra: wa-wat isj meneer se naam?"

"My naam is Paulus," antwoord die weldoener.

"P-P-Paulusj!" roep die boemelaar verbaas uit. "Wee' jy P-Paulusj, ek wou jou nog altyd ontmoet het om vir jou te v-vra: Daai Korintiërsj – he-he-het hulle toe ooit vir jou terugge-teruggeskryf?"



Liewe Jesus,

Pas Jousef tog mooi op, want as daar iets met Jou moet gebeur, is dit tiekets met ons.

NOG NIE GESIEN

TWEE meisies stry oor dieselfde jong man.

"Wel," sê die eerste een, "ten minste trek hy soos 'n gentleman aan."

Die ander meisie trek haar skouers op. "Sal nie weet nie," sê sy. "Ek het hom nog nooit sien aantrek nie."

Die meisie met die glasoo

'n Man sit in 'n deftige restaurant en daar sit 'n pragtige rooikop by die tafel langsaan. Hy wil by haar aanlê, maar is nie dapper genoeg nie.

Skielik nies sy hard, en haar glasoo vlieg uit sy kas reguit na die man toe. Hy gryp dit uit die lug, en gee dit aan haar terug.

"Ag, dankie," sê die meisie terwyl sy haar glasoo terugsit. "Laat my asseblief toe om vir jou 'n ete te koop om dankie te sê.

Hulle eet toe lekker saam, gaan teater toe en drink 'n paar drankies en sy betaal vir alles. Hulle lag en gesels en deel hul diepste geheime met mekaar.

Hy slaap die nag op haar uitnodiging in haar woonstel oor en hulle maak passiewolle liefde. Die volgende oggend verras sy hom met 'n gourmet ontbyt in die bed.

"Jy weet," sê hy, "jy is die perfekte vrou. Is jy altyd so gaaf met al die mans wat jy ontmoet?"

"Nee," sê sy, "net met die mans wat my oog vang."

OTM raak die kluts kwyt

'N BRITSE outomatiese tellermasjien het 'n groot treffer geword toe hy twee keer soveel geld uitbetaal het as wat aangevra was.









Onttrekkers het ure lank na die OTM buite 'n supermark in die stad Hull gestroom nadat hul maats hulle gebel en van die meevaller vertel het.

Mense wat die maksimumbedrag van £300 aangevra het, het £600 en 'n kwitansie vir £300 ontvang.

Die geluk het egter net 'n paar uur geduur - totdat die OTM se geld op was.

Sê nou maar die lewe is 'n droom en ons word wakker wanneer ons doodgaan?

Hoe lank duur foonoproepe?

Seun na seun		00:00:58
Seun na ma		00:00:45
Seun na pa		00:00:20
Seun na meisie		01:13:59
Meisie na meisie		02:35:20
Man na vrou		00:00:03
Ma na getroude dogter		04:05:15
Vrou na haar man		Gemis 12

DINK BIETJIE!

Lui die naam Pavlov 'n klokke by jou?

Die goeie ding van 'n egotis is dat hy nie oor ander mense praat nie.

Het jy ooit gestop om te dink, en toe vergeet om weer te begin?

GOEIE REDE

'n Afrikaanse matroos swem op 'n verlate eiland uit, waar hy tot sy groot verbasing 'n mede-Afrikaner ontmoet.

"Jy is die eerste mens wat ek in tien jaar sien," sê die eilandbewoner.

"Ek is nog al die tyd die enigste mens op die eiland."

Matroos: "Hoe kan dit wees? Eksien dan hier staan drie hutte?"

Bewoner: "Dis reg. Een is my huis. Die tweede is die kerk waarheen ek elke Sondag gaan. Die derde is die kerk waaraan ek vroeër behoort het."

Jy is trots Suid-Afrikaans wanneer . . .

- * Jy praat van robots as jy verkeersligte bedoel.
- * SAUK-TV 'n program adverteer waarna jy so pas gekyk het.
- * Jy weet wat Rooibostee is, al het jy dit nog nooit gedrink nie.
- * Jy hou van vleisbraaie, waar jy boerewors eet en swem - soms tegelyk.
- * Jy 'n R100-noot pleks van jou bestuurslisensie aanbied as 'n spietkop jou stop.
- * Jy 'n sekuriteitswag huur as jy jou kar iewers parkeer.
- * Meer wit mense in realiteits-TV stem as in die verkiesing.
- * Mense die wonderlikste name het, soos Blessing, Brilliant, Gift, Innocent en selfs Matric Exampson.
- * Nou-nou enigiets van 'n minuut tot 'n uur of meer beteken.
- * Jy vir die taxis van links en regs wag as die robot groen word.
- * Jy verras en verheug is as jy jou kar kry waar jy hom geparkeer het.
- * Jy jou kar se registrasienommer op sy dak verf.
- * Jy jou eie beddegoed en kos saamneem as jy tot 'n staats hospitaal toegelaat word.
- * Jy dink dis 'n goeie maand as jy net een keer gekoop word.
- * Jy moet bewys dat jy nie 'n lening nodig het nie om een te kry.
- * Jy oor 'n rooi lig ry vir geval iemand jou kar probeer steel.
- * Jy lees van Somaliese en Nigeriese emigrante wat die land verlaat omdat die misdaad so erg is.



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

De Nysschen leonidenysschenbuys073@gmail.com

Wil graag meer uitvind oor die De Nysschen familie. My pa se moeder se naam was Janetia Magdalena ek weet nie watter jaar sy gebore is nie my oupa se name ken ek nie hy was oorlede toe my pa nog baie klein was sal graag meer wil weet omtrent my ouma en oupa asseblief.

Bergh milliekriek@gmail.com

Andries Ludolph Bergh geb 25-09-1864 gest ?????
Oudtshoorn

Heunes benjaminh1946@gmail.com

Ek is die oudste kind van Wynand en Katie Heunes in lewe van Johannesburg en omstreke. Hy was in die polisie en is in 1980 oorlede.

Noq vanne wat ingekom het: **Rhuling, Botes, Botha**
Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Lekker uitgevang!

Dit was besig om swaar te reën. En daar, by 'n groot poel water voor die kroeg, staan 'n bejaarde Ier, papsopnat, met 'n stok en 'n stukkie lyn in die water.

'n Verbyganger stop en vra: "En wat doen jy, ouman?"

"Ek vang vis."

Die verbyganger voel jammer vir die ouman.

"Kom uit die reën en kom drink 'n dop saam met my."

Terwyl hulle in die warm kroeg hul whiskys drink, kan die verbyganger nie help nie om te vra:

"En hoeveel het jy al vandag gevang?"

Die ouman tel op sy vingers en antwoord:

"Jy is die agtste een."

Nie almal hou van Franse nie

"Het jy geweet hoeveel Franse is nodig om Parys te verdedig? Niemand weet nie - dis nog nooit getoets nie."

-- *R. Blount, Republikein*

"Iemand het my vertel van 'n Franse weermaggeweer wat geadverteer word.

Die advertensie lui: 'Nooit gevuur nie. Een keer laat val.'"

-- *Roy Blunt, Republikein*

"Oorlog sonder Frankryk sal wees soos . . . die Tweede Wêreldoorlog."

-- *Onbekend*

"Ek verkies 'n Duitse divisie voor my bo 'n Franse divisie agter my."

-- *Genl. George Patton*

"Frankryk het nie winter of somer of morele waardes nie. Afgesien hiervan is dit 'n goeie land."

-- *Mark Twain*

"Om saam met Frankryk oorlog te maak is soos om jou akordeon saam te neem as jy gaan jag.

-- *Norman Schwartzkopf*

"Ons kan hier rondstaan soos die Franse maak, of ons kan iets daaraan doen."

-- *Marge Simpson*

Het jy geweet die Duitsers het net drie dae geneem om Frankryk te oorwin? En dis omdat dit gereën het."

-- *John Xereas*

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Tyd om te saai

"Dit was toe iets hom die beesboud van nader laat bekyk en hy sy eie brandmerk daarop gesien het."

Deur
Herman Charles Bosman

Dit was toe – het oom Schalk Lourens gesê – dat 'n buitengewone ding plaasgevind het. Skielik hét ons Mtosas gesien. Hulle was nog ver weg toe ons hulle gesien het. Hulle het uit die bos gekom en was oop en bloot sigbaar daar waar hulle geloop het.

Hulle het geen poging aangewend om weg te kruip nie. Tot ons verbasing het hulle reguit, agter mekaar, in ons rigting aangekom. En selfs van 'n afstand af kon ons sien dat hulle ongewapend was. In plaas van assegaai en skildvelle, het hulle vragte op hulle koppe gedra. En amper op dieselfde oomblik het ons besef – omdat die vragte so swaar gelyk het – dat die draers vrouens moet wees.

Om daardie rede het ons ons gewere gevat en gestaan en wag. Omdat dit vroumense was, was ons natuurlik voorbereid op die laagste vorm van verraad.

Soos die kolom nader beweeg het, het ons gesien dat Ndambe, 'n ou stamlid wat ons goed geken het, aan die voerpunt was. Hy was jare lank reeds Sijefu se hoofraadsman. Ndambe het sy hand omhoog gelig. Die ry vrouens het gaan staan. Ndambe het gepraat. Hy het aangekondig dat ons wit mense die konings van konings en die olifante onder olifante was. Hy het ook gesê dat ons rinkelhalsslange was wat giftiger en oor die algemeen walgliker as enige ander rinkelhals in die land was.

Ons het natuurlik geweet dat Ndambe net besig was om ons op die onkundige manier van die Mtosa's te komplimenteer. En daarom het ons natuurlik hoogs tevrede gevoel. Ek kan nog onthou hoe Jurie Bekker my in die ribbes gepomp en gesê het: "Het jy dit gehoor?"

Toe Ndambe egter voortgegaan het om te sê dat ons smeriger was as die speeksel van 'n groen boompadda, het 'n hele paar burgers krielig begin word. Hulle het gevoel dat hierdie hoflikheid van stam miskien so 'n bietjie te ver kon gaan.

Dit was toe dat veldkomet Joubert, terwyl hy sy wysvinger binne-in die snellerbeuel van sy vuurwapen laat sak het, Ndambe gevra het om tot die punt te kom. Aan die uitdrukking op die veldkornet se gesig, kon jy sien dat hy genoeg komplimente vir een dag gehad het.

Ndambe het gesê dat hulle gekom het om vrede te maak. Wat die vrouens op hulle koppe gedra het, was presente.

Op 'n teken van Ndambe het die hele kolom in die modder van die turfgrond neergekniel. Hulle het leeu- en sebravelle en olifantande gebring, en krale en koperarmbande en. Op 'n lang mat het hulle die hele boud van 'n rooi Afrikaneros, die vel en pote en alles neergesit. En 'n hele klomp varke in die helfte gesny. En kleipotte propvol wit bier. En ook – en dit het ons die meeste waardeur – 'n toordokter se medisyne wat mens in die nag teen goolgeeste en die bose oog beskerm het.

Ndambe het nog 'n teken gegee. 'n Vrou met 'n kleipot op haar kop het opgestaan daar waar sy gekniel het en nader aan ons beweeg. Ons het toe gesien dat sy swart grond in die pot gehad het. Dit was nat en amper soos turfgrond. Ons kon nie verstaan hoekom hulle dit vir ons gebring het nie. Asof ons nie genoeg daarvan gehad het nie, reg daar waar ons gestaan het, en waar dit aan ons velskoene vasgesit het. En tog het Ndambe opgetree asof dit die kosbaarste deel van die vredesooffer was wat sy hoofman, Sijefu, aan ons gestuur het.

Toe het Ndambe weer gepraat en ons het gesien het hoe dom hy en sy hoofman en die hele Mtosastam eintlik was. Hy het 'n handvol grond uit die pot geneem en dit tussen sy vingers toegevou en gedruk. Toe het hy ons vertel hoe geëerd die Mtosastam was omdat ons teen hulle oorlog gemaak het.

In die verlede het hulle net platgesig Mshangaans met skerpgepunte knopkieries gehad om teen te veg, het hy gesê, maar nou was dit anders. Ons veldkomet het toe so 'n halwe tree vorentoe gestap net ingeval Ndambe weer sou begin om ons te vlei. Maar Ndambe het net eenvoudig gesê dat die Mtosas bly sou wees as ons later, wanneer hulle klaar geoes het, weer sou kom om teen hulle oorlog te maak. Maar intussen het die stam verkies om nie aan te gaan met die oorlog nie.

Dit was die tyd om te saai.

Ndambe het die grond deur sy vingers laat loop, om ons te wys hoe goed dit was. Hy het ons ook uitgenooi om daaraan te proe. Ons het dit van die hand gewys.

Ons het die presente aanvaar, en vrede is gesluit. Ek kan nog onthou hoe veldkornet Joubert sy kop geskud en gesê het: "Het jy nou al ooit groter domheid as dié van die Mtosas gesien?"

En ek kan ook nog steeds onthou wat Jurie Bekker gesê het. Dit was toe iets hom die beesboud van nader laat bekyk het, en hy sy eie brandmerk daarop gesien het.

□ □ □ □

Dit was nie lank daarna nie dat die oorlog teen Engeland uitbreek het.

Teen die einde van die tweede jaar van die oorlog het dit met die Boere-kommando's maar redelik sleg gegaan. Maar ons wou nie vrede sluit nie. Veldkomet Joubert is toe tot kommandant bevorder.

Jurie Bekker was nog saam met ons, en so ook Fanie Louw. Dit was vreemd hoe geheg ons aan Fanie Louw geraak het tydens die ontberinge wat ons saam op die slagveld verduur het. Maar aan die einde moes ons erken, terwyl ons gewoon geraak het aan sy grappe en ons geweet het dat daar geen kwaad in gesteek het nie, dat ons dit sou verkies het as hy daarmee sou ophou.

Hy het opgehou – vir altyd – in 'n skemutseling naby 'n blokhuis. Ons het hom in die skaduwee van 'n doringboom begrawe, waarna die kommandant 'n paar woorde gesê het en ons ons hoofde gebuig en 'n psalm gesing het. Soos jy weet is dit vir elke roubeklaer by 'n begrafnis die gebruik om 'n handvol grond te vat en dit in die graf te gooi.

Toe kommandant Joubert afgebuk en sy handvol grond opgetel het, het 'n vreemde ding gebeur. En ek het die ander oorlog onthou, die een teen die Mtosas. En ons het geweet – hoewel ons dit nie gesê het nie – wat nou die verlange in elkeen van ons se harte was. Want kommandant Joubert het nie sommer dadelik die grond in Fanie Louw se graf laat val nie.

In plaas daarvan het hy die klammerige grond met sy vingers gebrei. Dit was asof hy vergeet het dat dit begrafnisgrond was. Dit het gelyk of hy nie aan die dood gedink het nie, maar aan die lewe.

Ons het sy voorbeeld gevolg en handevol grond opgetel, en dit gedruk. Ons het die leem daarin gevoel, en gesien hoe elasties dit was, en ons het dit deur ons vingers laat syfer. En ons kon net onthou dat dit die tyd was om te saai.

Toe het ek verstaan hoe, in daardie vroeëre oorlog, die Mtosas moes gevoel het – hulle wat ook boere was.

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidingsgrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html



KAMMANUUS
verskyn weer op 17 JULIE 2018